SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

SAG #1 netwerk VIR JOU LEWE

'Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus.' 1 Korintiërs 12:12

# Maandelikse Bybel Bespreking

## Die groot verbond van afhanklikheid

Alles in die skepping leef in samewerking met mekaar. Ons oorleef nie alleen nie – nie as individue, spesies of samelewings nie. Ons oorleef en ontwikkel deur die insig en wysheid van oordeelkundige keuses waarin ons op "ander" vertrou om ons te help en ons te ondersteun.

Die voordeel van saamwerk is sigbaar vir elkeen om te sien en om van te leer. Die natuur se voedselketting – waar elke spesie 'n ander nodig het vir balans en oorlewing – strek van die kleinste organisme tot die sterkste roofdier. 'n Roofdier sonder prooi, of plante sonder bestuiwers, sal nie voortbestaan nie. Alles selfstandig, tog in afhanklikheid verbind om saam te werk vir oorlewing. Verskeie simbiotiese verhoudings sluit hierby aan – soos bye en blomme; of mense en bakterieë – waar elkeen dra iets bydra tot die ander se voortbestaan en groei.

Selfs in die post-modernistiese wêreld van vandag, is "sinergie" verantwoordelik vir vooruitgang en vordering. Verskeie beroepe werk saam – Ingenieurs, onderwysers, programmeerders, skoonmakers, kunstenaars – elkeen bou op mekaar se werk, tot voordeel van die ander. Dis hoe vooruitgang gebeur. So bou ons 'n wêreld waar almal se bydrae saak maak. . Daarom herinner Simon Sinek ons: *"A true leader is one that helps people feel inspired, safe and valued every single day."*

Saamwerk beteken nie net om mekaar te help nie – dit beteken om mekaar te ken, te eer en ruimte te gee. As ons dit regkry – in gesinne, kerke, skole, besighede en gemeenskappe – kan ons iets groter as onsself bou.

*"Saam is nie net die som van "saam + werk" nie, dit is meer – saam is anders. Dis wanneer ons verskille nie skeiding bring nie, maar mekaar se uniekheid gebruik as brug tot iets nuuts en 'n innoverende toekoms."* – Anoniem

Om saam te werk is nie opsioneel nie – dis die hartklop van menswees. Laat ons bewustelik leef as bouers van 'n nuwe wêreld – saam.
Andrè

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Tema vir die Maand

## Saamwerk in God se Koninkryk

Saamwerk in God se Koninkryk is 'n geestelike roeping. Soms reduseer mense dit as bloot 'n praktiese vaardigheid, maar God se Woord leer anders.

In 1 Korintiërs 12:12 sê Paulus: *"Die liggaam is een, maar het baie lede… so is dit ook met Christus."* Hierdie beeld van die liggaam is kragtig – elkeen van ons is uniek, maar niemand funksioneer alleen nie. Ons is saamgesmee om saam te werk. Nie tot voordeel van onsself nie, maar tot diens van die grotere liggaam.

In die kerk is ons saam die liggaam van Christus. Elkeen met 'n roeping, elkeen met 'n gawe. Wanneer ons saamwerk – in eredienste, bediening, dienswerk – dan wys ons Christus aan die wêreld. In die breër Koninkryk van God werk ons saam met ander gelowiges – oor kerke, grense, tale en kulture heen – om hoop te bring waar dit ontbreek, lig in donker plekke en geregtigheid waar daar onreg heers.

Saam + Werk is God se opdrag: *"Gaan dan heen… en maak dissipels van al die nasies."* (Matt. 28:19). Dit vra toewyding, spanwerk en die bereidheid om jou plek vol te staan – waar jy ook al is. Nie omdat dit maklik is nie, maar tot diens van God se Koninkryk.

Ek wil jou uitnooi om Junie te gebruik as 'n maand van nadenke. Vra jouself:

*Hoe kan ek (meer) deel wees van God se werk – in my gesin, gemeente en gemeenskap?*
*Waar roep God my om saam te werk met ander? En nie alles self te wil doen nie?*

Ek sien uit om jou by die erediens te sien. Tog, is SA Gemeente nie net 'n plek van erediens nie – dis jou Netwerk vir jou Lewe in God se Koninkryk. Kom ons werk saam, in geloof en gehoorsaamheid, aan dit wat ewig saak maak.

Seënwense,
Andre

## IN HIERDIE UITGAWE

FUNDAY
BYBEL ETE EN VASVRA
RESEP VAN DIE MAAND
SLAPPAP
VADERSDAG
'SALT'
KONTAK ONS




## SA Gemeente Loughton hou die jaar weer 'n 'Funday' !!!

Daar gaan heerlik saam gekuier word.


Daar gaan baie aktiwiteite vir die kinders wees...
Gesigverf, swietiepakkies, spookasem en nog vele meer...

Daar gaan boereworsrolle wees, 'n teetuin waar jy koeksisters, melktert, poedings ens.. kan geniet!!

Indien jy wil help op die dag, en ook met die gebak,
kontak asb vir Ena by
ena@sagemeente.com

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Loughton Gemeente hou Bybel vasvra




Daar was 10 spanne

Andre was 'Quiz' meester











Die Wenspan,

Tafel 1!!!!! - Well done!!!

Frank, Marlize, Ayla, Henre en Andreas!!

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Loughton Gemeente hou Bybel vasvra

## Daar was die heerlikste eetgoed geinspireer deur kos genoem in die Bybel.



Violet figs



Walvisse






Last man Standing



'Humpback' Walvisse



Stormtroopers

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Loughton Gemeente hou Bybel vasvra



Nick Hill het die ppt hanteer
Tanya Harmzen het die merk werk gedoen



Dutchmen





Tafel 1

Innes-Hill Clan

Pofadders



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Resep van die Maand

## Rainbow Pancakes







Ingredients

200g self raising flour
1 tsp baking powder
1 tbsp golden caster sugar
½ tsp vanilla extract
200 ml milk
3 eggs
25 g butter melted extra for frying
red yellow green and blue gel food colouring
To serve (Optional)
punnet raspberries
punnet blueberries
whipped cream or ice cream
maple syrup

Method

Step 1

Put all the pancake ingredients, except the dye, in a bowl and mix well with a whisk until smooth.
Divide the batter into 5 bowls or disposable cups.
Use the food colouring to dye 4 of them a different colour, leaving one plain.

Step 2

Melt a small knob of butter in a large non- stick frying pan over a medium heat.
Once foaming put spoonfuls of the pancake batter into the pan and shape 4-5 cm circles with the back of your spoon. You should have enough to make 4 pancakes from each coloured batter. Cook for 2-3 minutes then flip over and cool the other side for a minute or until cooked through and ever so slightly golden.

Step 3

Stack the pancakes so that everyone gets each colour.
Serve with fresh fruit, cream or ice cream and a drizzle of maple syrup if you like.

Recipe tips:

Using gel colouring- Gel food colouring will give you the brightest result, but add a tiny bit at a time as it is strong stuff.

Stack a Rainbow

To create a full rainbow effect, we stacked our pancakes in the following order- from the bottom
Blue, green, plain, yellow, red. You can mix them however you like though.

Baie dankie aan Grace van der Bijl en haar Vriendin wat hul staatmaker resep met ons gedeel het! Dit lyk heerlik!!

Grace is een van ons 'Junior kokke' wat haar resep met ons deel.

# Slappap

Mamma gee  elke oggend vir Sannie slappap om te ëet. 'n Paar oggende gelede was hulle effens laat en in die haas gly die soutpot terwyl Mamma die pap aanmaak en 'n bietjie meer sout as wat nodig is beland in die pot. Met beperkte tyd tot haar beskikking kon sy nie die pap van vooraf maak nie. Sy het gedink dat die pap nie te sleg smaak nie, maar Sannie het egter net 'n paar happe geëet voordat sy met 'n frons die bordjie vir Mamma teruggegee het – duidelik ontevrede met die smaak van die pap.

Die volgende paar oggende het sy egter tevergeefs vir Sannie slappap gemaak. Al was dit dié keer perfek en al het Mamma selfs 'n bietjie suiker oorgegooi om dit meer aanloklik te maak, wou Sannie niks weet nie. Sannie wou nie eens daaraan proe nie.

Een oggend besluit Mamma toe dat sy vir oulaas die pap vir Sannie sal maak bloot omdat sy weet hoe baie Sannie daarvan gehou het. As Sannie dit weer nie wou eet nie, sou sy dit vir goed wegpak. Sy het die pap gemaak en dit in 'n bordjie voor Sannie neergesit. Sannie wou nog protesteer toe Mamma op die ingewing van die oomblik die lepel vat, 'n klein bietjie van die pap daarop skep en dit in haar mond sit sodat sy dit kon proe. Vir 'n oomblik was dit stil. Mamma het 'n tranedal verwag, maar in stede daarvan het 'n glimlag op Sannie se gesig verskyn met die woorde: "Nog, asseblief Mamma". Daardie oggend het  Sannie sommer twee borde slappap geëet.

In ons lewens het ons ook soms slegte ervarings. Ons kry seer wanneer 'n romantiese of vriendskapsverhouding eindig. Ons kry seer in die huwelik wanneer ons huweliksmaat onsensitief optree. Of ons neem aanstoot in die kerk of in die werkplek wanneer iemand ons teleurstel of met hul woorde seermaak. Net soos Sannie, na een slegte ervaring, nie meer van haar gunsteling pap wou eet nie, begin ons ook mure om ons bou en onsself isoleer in 'n poging om nie weer seer te kry nie.

Aanstoot weerhou ons egter van God se beste vir ons lewens. Luister maar na die woorde in Spreuke 18:19: *"'n Broer teen wie oortree is, is minder toeganklik as 'n sterk vestingstad, en rusie is soos die sluitbalk van 'n vesting."'* 2020 vertaling) Is jy vandag soos daardie stad met sterk mure rondom jou? Onthou, vergifnis bring vryheid in ons lewens. Dit breek die mure af en stel God in staat om sy beste vir ons te gee. Een romantiese verhouding het dalk nie uitgewerk nie, maar God beplan dalk vir jou iemand wat veel beter by jou pas. Jou huweliksmaat het dalk onsensitief opgetree en jou seergemaak, maar deur hom of haar nou keer op keer te probeer "terugkry", versuur jy jou eie lewe. Een vriendskap het dalk geëindig, maar solank jy jouself isoleer gaan jy nooit die veel beter vriende en vriendinne ontmoet wat God oor jou pad wil stuur nie.

God het vir ons planne van voorspoed en nie teëspoed nie. Die Psalmdigter sê dat goedheid en guns ons sal volg al die dae van ons lewens.

*Die bordjie besonderse lekker pap is opgeskep. Dit staan voor jou. Kom ons laat sak ons mure anders gaan ons nooit proe hoe lekker dit smaak nie.*

# Vadersdag

Met erkenning aan Dr Gustav Gous, lewens-afrigter, Sondag aande op RSG saam met, Phil Loots, oor aktuele onderwerpe op die program 'Fiks vir die lewe'.
gustav@gustavgous.co.za

Toe my Pa nog geleef het, moes ek 'n radioprogram vir Vadersdag maak.

Ek besef toe: Ek IS nie net 'n Pa nie (van drie dogters), maar ek HET ook nog 'n Pa. Ek besluit toe om saam met hom die program te maak. Hy was regtig 'n besonderse Pa.

Ons nooi hom toe vir Sondagmiddagete, en voor ete sê ek vir hom: Ons moet nou iets nuut en vars uitwerk - dit moet kort en kragtig en 'funky' wees, en nie die gewone oud-modiese 'cliche's' nie. Hy sit toe in die sitkamer en sê hy sal dink. Sy kop sak en hy sit met sy oë toe. Ek dag hy het aan die slaap geraak - hy was toe al baie oud. Ek los hom toe maar. Toe ek instap om hom te roep vir ete, maak hy sy oë oop, en sê: Ek het dit!
Hy sê, Gustav, 'n Pa moet ... (en ek gee nou hier wat ek onthou en sommer uit my eie bylas) .... 'n Pa moet:

1. Altyd DAAR wees. Afwesige vaders is die probleem in die wêreld. Al speel jou kind 3e span, moet jy langs die veld wees . Die woord 'liefde' word so gespel: T-y-d, en t-e-e-n-w-o-o-r-d-i-g-h-e-i-d. 'n Pa moet ook ...

2. VOOR jou wees. Vir enige gedrag moet 'n Pa die voorbeeld stel. Kinders doen nie wat jy sê nie. Kinders doen wat jy doen. Vra jouself: Sal ek tevrede wees as my kinders al my gewoontes (in alle opsigte - insluitende drinkgewoontes, ens) navolg ... indien nie - wees 'n beter Pa deur 'n beter voorbeeld te stel. 'n Pa moet vir kinders wys hoe om dinge te doen.

3. LANGS jou wees as jy iets moet bemeester (soos fietsry ...). Een armlengte weg om jou te help as jy self iets moet doen. Dan moet 'n Pa ook ..

4. AGTER jou wees ... om sonder om te help, te kyk hoe jou kind doen wat hy/sy moet doen. Jy hou jou hart vas, terwyl jou kind al wankelend met die eerste fietsie op sy/haar eie ry. Dan moet 'n Pa....



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Vadersdag (vervolg)

Met erkenning aan Dr Gustav Gous, lewens-afrigter, Sondag aande op RSG saam met, Phil Loots,
oor aktuele onderwerpe op die program 'Fiks vir die lewe'. .
gustav@gustavgous.co.za

5. WEG wees. Die doel van ouerskap is om jou kind van afhanklik, na onafhanklik te neem. Die doel is om jou kinders groot te kry dat hulle op hulle eie voete kan staan - of jy nou daar is of nie. (Statisties sterf ouers voor kinders). Jy moet kinders vrylaat - en die gevoel om 'nodig' te wil wees, verwerk en oorkom. Kinders word nie vir jou gegee nie, maar word deur jou vrou en julle familie, vir die lewe gegee. (Ja, ek weet - jy as Pa het ook 'n klein bydraetjie gelewer!). Sommige kinders het 'n hupstoot nodig, of 'n skop om hulle uit die nes uit te kry, sodat hulle eendag hulle eie nessies kan bou. Die bose kringloop van oorbetrokke 'helikopter' ouers, en kinders wat dan lui word en nie self genoeg verantwoordelik vat nie, moet deurbreek word. Dit is ook selfsugtig van ouers om 'n kind terug te hou, vir watter rede ookal - soos om jou emosionele behoeftes te vervul. Verder moet 'n Pa steeds ...

6. ALTYD BESKIKBAAR wees. Jy moet altyd een telefoon-oproep of een WhatsApp boodskap weg wees. Ouer kinders, en veral volwasse kinders wat al hulle eie kinders het, het nog steeds ondersteuning nodig. Daarvoor moet jy beskikbaar wees. Hier moet kinders van "afhanklik' na 'inter-afhanklik' gaan: 'n Junior volwassene wat met jou as senior volwassene die verhouding voorsit. Tot my verbasing het hy die volgende ook bygevoeg: 'n Pa moet ook bereid wees om ...

7. WEERLOOS te wees. Dit het hy seker bygevoeg omdat hy al baie oud was, en nie meer so sterk nie - selfs effens broos, en afhanklik. 'n Pa moet homself ook toelaat om deur sy eie latere lewensstadiums te gaan - met grasie, sonder om klipkopperig en 'n pyn-in-die-dinges te raak. Die een ding wat niemand ons as volwasse kinders op voorberei nie, is dat ons op hierdie stadium wens daar is 'n kursus "How to raise your parents" ...

*'Wat vir my spesiaal was, is dat hy alles wat hy hierbo voorgestel het, in 'n minder of meerdere mate, gedoen het.*
*Hy was VOOR my en het die voorbeeld gestel. Hy is nou WEG (oorlede) .... nou lê die verantwoordelikheid op my ... mag ek sy voorbeeld navolg.'*




***Gelukkige Vadersdag aan elkeen van ons Pappa's by SA Gemeente!***

# Salt



I heard my mother asking the neighbours for salt. But we had salt at home.

I asked her why she asked the neighbours for salt. And she replied, 'Because our neighbours don't have a lot of money, and they often ask us for something.

From time to time, I also ask them for something small and inexpensive, so they feel that we need them too. This way, they will feel more comfortable and it will be easier to continue asking us for everything they need.'

And that's what I learned from my mother... let's raise empathetic, humble, and supportive children with too many values to mention!

Unknown author

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •JUNIE 2025

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## KALENDER

1 JUNIE HUISKERK 9 UUR

8 JUNIE EREDIENS 9 UUR

15 JUNIE HUISKERK 9 UUR

22 JUNIE EREDIENS 9 UUR

# Seënbede vir jou...

Mag die Here jou seën met ongemak oor maklike antwoorde, halwe waarhede en oppervlakkige verhoudings sodat jy uit die diepte van jou hart kan leef;

Mag die Here jou seën met woede oor onreg, onderdrukking en die uitbuiting van mense sodat jy kan werk vir geregtigheid, vryheid en vrede;

Mag die Here jou seën met trane om te stort vir mense wat pyn, verwerping, honger en oorlog ervaar sodat jy 'n hand kan uitreik en hulle pyn in blydskap kan verander.

En mag God jou seën met genoeg dwaasheid om te glo dat jy 'n verskil kan maak in hierdie wêreld, sodat jy dinge sal kan doen wat ander mense dink nie gedoen kan word nie.



(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •JUNIE 2025

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kontak Andre Harmzen



Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com

**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Loughton

**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 2de en 4de Sondag van die maand om 09:00


**Adres:**
Theydon Bois Village Hall, Coppice Row
Theydon Bois, CM16 7ER

**Dankoffers.**
**Vir £10 Text RSAG002 na 70191**
Vir direkte inbetaling:
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Loughton
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en wyk. (Loughton)**

# Kontak Ena



Ena Wassermann
Epos: ena@sagemeente.com